

Saterdag 12 Augustus 2023

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:35-58

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 7: 42, 43 (AFR83)

My liggaam en die opstanding

Onthou jy nog die mooi belydenis in Sondag 1: Dat ek met my liggaam en siel in lewe en in sterwe aan Jesus, my Verlosser, behoort. Ek behoort dus ook met my liggaam vir altyd aan Hom – met my dood, deur my dood heen en ná my dood. Niks kan my van die lewe in Christus skei nie! My liggaam bly vir Jesus kosbaar, al verbrokkel my liggaam ook. Hy het sy kruisbloed daarvoor gestort.

As gelowiges lewe ons dus met hierdie lewende hoop dat met ons dood alles nie verby is nie. Nee, ons het die vaste verwagting dat daar 'n dag van opstanding sal wees wanneer Jesus op die wolke na hierdie wêreld sal terugkom. Hierdie gebeurtenis beskrywe Paulus in die Skrifgedeelte wat ons gelees het. Hy gebruik die beeld van die saadkorrel om dit te verduidelik. Jou liggaam is soos 'n saadkorrel en met jou dood word die saad in die grond “geplant”. Petrus sê ook dat God deur sy Gees in ons die saad van die nuwe lewe geplant het en dat dit onverganklike saad is (1 Pet. 1:23). Al word jou liggaam met jou dood soos 'n saadkorrel in die grond weggelê, bewaar God in jou hierdie lewenssaad, al word jou liggaam soos stof.

Met die opstanding verander hierdie lewenssaad in 'n geestelike, onverganklike liggaam met 'n hemelse gestalte. In 'n oogknip sal ons verander word (vs 52). Dieselfde liggaam as nou, maar so anders. Paulus praat van Jesus as hy in Filippense 3:21 sê: *“Deur die krag waarmee Hy alles aan Homself onderwerp, sal Hy ons nederige liggame verander om soos sy verheerlikte liggaam te wees.”*

Sing: Skrifbelyning 7-2:1, 2

Dr. SJ van der Walt (Kobus) (emeritus)